

## Reis

C J A Vos  
(Universiteit van Pretoria)

*Vir Con, homo viator et amicus*

Wanneer die daeraad se rooshande wink,  
moet jy begin inpak vir die lang reis.  
Dan moet jy die Here aanroep, roep en vra  
dat Hy jou onder sy vlerke sal dra.

Vra dat jou reis lank mag duur,  
dat 'n sluier sterre die nag sal bedek,  
die lente geur om jou sal sproei  
en amandelbome in volle drag sal wag.

As die daeraad sy roosvingers oopwaaier,  
is die tafel vir jou gedek  
met vars brood, ou wyn en soet pere.  
Neem, eet en lig jou glas, vriend.

Wanneer die daeraad se roosvingers  
aan die soom van 'n inham vat,  
sal skulpe op die sand soos ore lê  
en luister na die see se gesoute taal.

Onder die daeraad se rosige vingers  
sal die see se oë kalm glim  
by die hawe met die gloed  
van *eine kleine Nachtmusik*.

As die daeraad se rosige vingers  
later oor die hawe streel, moet jy  
Barth en Ebeling inruil vir Homeros,  
'n Griekse Bybel en tekste oor filosofie.

Gaan vaar, rosig in die daeraad se hand,  
selfs met maste geknak en seile verskeur  
tussen die Scylla en Carybdis deur,  
want jy sal weet: hier digby, digby is die ver, ver land.

Mag die reis na die nog onbereikte  
jou alreeds die nonnetjiesvye laat smaak,  
die daeraad se hand perlemoenblink oopskulp  
om jou genadig, vriend, aan daardie aarde te bemaak.